## TOELATINGSVEREISTES

Junior Akademie is 'n Christelike Vroeë Kind Ontwikkeling Sentrum waar kinders in liefde, veiligheid en professionele sorg ondersteun word.

Ons onderrigmedium is primêr Afrikaans, en korrespondensie aan ouers geskied hoofsaaklik in Afrikaans.

### 1. OUDERDOM EN PROGRAMME

Junior Akademie neem kinders in vanaf 4 maande tot 5 jaar (Gr RR)

Omdat Junior Akademie aan departementele voorskrifte, kind-tot-opvoeder verhoudings en veiligheidsvereistes moet voldoen, is ons toelatings getal beperk.

Sodra 'n klas vol is, word 'n waglys gehandhaaf.

### 2. TOELATINGSPROSES

- Elke aansoek vereis 'n persoonlike afspraak met die skoolhoof, Me. Lorain du Plessis Smit.
- Indien moontlik moet die baba/kleuter teenwoordig wees.
- Na afloop van die onderhoud, moet ouers die skool op skrif verwittig dat hulle wel wil voortgaan met die aansoek proses.
- Indien daar beskikbaarheid in die spesifieke ouderdomsgroep is, sal ouers skriftelik in kennis gestel word dat toelating toegestaan word, of dat die aansoek op die waglys geplaas word.
- Indien aansoek toegestaan word, ontvang ouers 'n faktuur vir die registrasiefooi. Eers as die registrasiefooi ten volle vereffen is, is die kind se plek verseker.
- Hierdie registrasiefooi is nie terugbetaalbaar, sou die ouers later besluit om aansoek terug te trek nie. Die registrasiefooi is ook nie oordraagbaar na 'n volgende skooljaar nie.

### 3. VOORKEURKRITERIA

Wanneer plek beperk is, word voorkeur gegee aan:

- Voldag-inskrywings
- Broers/susters van tans ingeskrewe kinders
- Kinders wat binne die skool se ontwikkelings- en ondersteuning raamwerk geakkommodeer kan word

### 4. DEURLOPENDE WAARNEMING EN ONTWIKKELING

Ons personeel evalueer kinders deurlopend deur waarneming, roetines, assessering en kommunikasie met ouers.

Indien mylpale nie bereik word nie of verdere ondersteuning nodig is, word ouers persoonlik en tydig gekontak.

**5. SAMEWERKINGS- EN ONDERSTEUNINGSVEREISTE**

Junior Akademie is verbind tot 'n veilige, inklusiewe leeromgewing in lyn met die Children's Act 38 of 2005.

Wanneer 'n kind voortgesette gedrag-, emosionele of ontwikkelingsuitdagings toon, sal die skool dit deursigtig en professioneel met ouers bespreek, tesame met aanbevelings vir toepaslike intervensies of ondersteuning.

Effektiewe ondersteuning is egter slegs moontlik waar die skool én ouers saamwerk.

Indien:

- ouers volgehoue ondersteuning, assessering of professionele aanbevelings weier, en
- die kind se gedrag die veiligheid, roetine of welsyn van die groep benadeel, en
- die skool reeds alle redelike pogings aangewend het om ondersteuning te bied,

behou Junior Akademie die reg om:

- toelating te weier, of
- voortgesette plasing te beëindig, uitsluitlik in die beste belang van die kind én die groep.

Alle sulke besluite word deeglik intern oorweeg, met goedkeuring van die aangewese trustee geneem, en skriftelik aan ouers gekommunikeer.

**6. CHRISTELIKE GRONDSLAG**

Ons waardes word geanker in:

- liefde
- respek
- sagtheid
- eerlikheid
- geduld
- diensbaarheid

"Laat alles by julle in liefde geskied." – 1 Kor. 16:14

**7. KONTAKBESONDERHEDE**

📞 063 732 1166

📧 admin@juniorakademie.co.za

📍 Unielaan 1, Uniepark, Stellenbosch